

HEKELDIGTE IN K.E. NTSANE SE GEDIGTE


deur

JOHANNES LENAKE

Voorgelê ter vervulling van  
die vereistes vir die graad  
B.A. Honneurs in die Departement  
Bantoetale aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

Januarie 1965

A rectangular library stamp from the University of South Africa. The text is oriented vertically and includes: 'UNIVERSITEIT VAN S.A.' at the top, 'BIBLIOTHEEK' in the middle, and 'REGISTER' at the bottom. There is also a date stamp '12-2-1965' and a number '158184'.

UNIVERSITEIT VAN S.A.  
UNIVERSITY OF S.A.  
BIBLIOTHEEK/LIBRARY  
13-2-1967  
KLAS MV896.37220109  
CLASS 178134  
REGISTER

Nt sane

## I N H O U D S O P G A W E

### HOOFSTUK

### BLADSY

1.	INLEIDING .....	1
2.	SOSIALE SATIRE .....	5
3.	SATIRE T.O.V. GODSDIENSTIGE SAKE	15
4.	SATIRE T.O.V. DIE MENS SE FISIESE VOORKOMS EN ANDER EIENSKAPPE ..	19
5.	SLOT .....	22

### BIBLIOGRAFIE

\* \* \* \* \*

## HOOFSTUK I

### INLEIDING

1.00 Kemuel Edward Ntsane, 'n Mosotho van die Bakwenastam, is op 4 April 1920 te Kolojane, Leribe, gebore. Sy vader was 'n onderwyser. In 1934 slaag hy die standerd seseksamen op Cana op Mmamathe, Teyateyaneng. Hy gaan na Morija-Opleidingskollege om hom as onderwyser te bekwaam. Hier te Morija maak sommige van sy onderwysers, t.w. Calvin Motsamai en R.S. Mahapeloa asook die sendelinge soos Burton en Van Hagt 'n groot indruk op Ntsane. Spore van hul indrukke word duidelik in sy werke gesien.

1.01 Nadat hy as onderwyser kwalifiseer het, gee hy onderwys te Roma-Kollege alwaar sy liefde vir die skryf van boeke verder aangroei. Hy word in hierdie taak grootliks bygestaan deur sy vriend, wyle Jac.G. Mocoancoeng wat ook daar onderwys gegee het. Later aanvaar hy 'n ander betrekking by die Basoetolandse Hoërskool, Maseru. Dit is hier waar sy eerste twee boeke die lig gesien het, nl. Mmusapelo en Maswabi.

1.02 In 1947 vertrek hy na die Londense Universiteit om 'n kursus in die metodiek van Engelsonderrig te deurloop. Hy voltooi die kursus en keer terug na sy geboorteland om sy werksaamhede by die hoërskool te hervat. Later bedank hy as onderwyser en sluit by die Staatsdiens aan (in Basoetoeland). 'n Paar jaar gelede het hy 'n kursus in joernalistiek te Kitwe gaan loop, maar weens swak gesondheid moes hy sy studies halfpad staak.

1.03 Ntsane stel baie belang in sport — veral tennis. Hy neem ook aktief deel aan verskeie jeugbewegings.



1.04 Van sy pen het verskyn: Mmusa-pelo ('n digbundel); Mmusa-pelo II ('n digbundel); Maswabi ('n novelle); Nna Sajene Kokobela C.I.D. ('n novelle); Bana ba Rona (filosofiese Sketse); Mohwebi wa Venisi ('n Vertaling van Shakespeare se *The Merchant of Venice*); en Makumane (opstelle).

#### DEFINISIE VAN DIE SATIRE

1.05 Die woord „Satire” is van Latynse oorsprong. Letterlik beteken dit 'n mengsel. „Satire is a poem in which wickedness or folly is censured.”<sup>1)</sup> Swift<sup>2)</sup> definieer satire soos volg: „Satire is a sort of glass, wherein beholders do generally discover everybody's face but their own”. (The middelpunt van satire, aldus Tucker,<sup>3)</sup> is afbrekende kritiek.

1.06 In die letterkunde word satire gebruik om die mens se swakhede en tekortkominge op 'n komiese wyse bloot te lê. Die Romeine was die eerste mense wat hulself in hierdie tipe letterkunde onderskei het. Die Romense Satire was oorspronklik 'n ruwe dramatiese komposisie in verskeie verssoorte geskryf. Die naam Satire is afgelei van die lanx satura, 'n skottel vol verskeie soorte vrugte en kruie wat ten tye van die feeste van die Eerste vrugte te Ceres gedra moes word onderwyl die mense in gelid geloop het. Hierdie satires is gesing onder begeleiding van die fluitjie en gaan gepaard met dans. Hulle het

3/.....

- 
1. A Dictionary of the English Language (London, 1773), S.V. 'Satire' soos aangehaal in John, P.: Complaint and Satire in early English Literature (Oxford, 1956), p.2.
  2. Preface to The Battle of the Books soos aangehaal in John, P.: Complaint and Satire in early English Literature, (Oxford, 1956), p. 3.
  3. S.M. Tucker: „Verse Satire in England before the Renaissance” (Columbia U.P., 1908), p.5, aangehaal in P.John: Complaint and Satire in Early English Literature (Oxford, 1956), p. 3.

allerhande komiese insidente en pittige snedighede bevat, en derhalwe het gedigte wat hierdie kenmerke gehad het en geskryf met die doel om die mens se swakhede bloot te lê, die naam: Satire, gekry.

1.07 Die Romein Lucilius, is deur die Romeine beskou as die vader van hierdie letterkundige genre. Hy was ook die eerste kunstenaar om die beginsels, wat vandag as die vernaamste beskou word in satire, te formuleer. Sy gedigte het as 'n model gedien vir Horace se satires — die groot meester op hierdie gebied.

#### VORM EN INHOUD VAN DIE SATIRE

1.08 Van Moerkerken<sup>4)</sup> skryf soos volg oor die vorm en inhoud van die satire: „ontegenzeggelyk is de aard der satire didactisch, echter onderscheidt zij zich van de Zuivere didactiek, de direct-onder-richtend en koel-ernstig is, door warmer eigenschappen, door zielvoller uitdrukking by haar streven naar leering, naar verbetering van levensopvatting in zeden“. Ek som die gedagtegang van Van Moerkerken verder soos volg op: Terwyl die nugtere didaktiek merendeels opbouend is, is die satire dikwels afbrekend van aard deur die misverstande in die samelewing, die slegtheid in dwaasheid van individue en groepe in bittere toornende woorde te gésel of in lugtiger voorstelling te bespot; — maar vervolgens is sy arbeid ook opbouend, daar hy, deur die oë vir die slegte en dwase te open, die liefde skep tot die goeie en weloordagte. Deur die ideaal teenoor die onvolkomenheid van die aardse dinge te plaas; deur die verganklikheid van alle wêreldse

4/.....

---

4. P.H. van Moerkerken Jr.: De Satire in de Nederlandse kunst der Middeleeuwen (Amsterdam 1904), p. 1.



grootheid skerp te belig; deur die mens te laat besef hoe al sy bose en dwase trekke onooglik is, word die innerlike leegheid van die voorwerp van die satire geheel ontmasker. „Lachende de waarheid te zeggen is geenszins alleen haar doel.”

1.09 Satire is nie net beperk tot letterkunde nie.

Tyrell<sup>5)</sup> wys daarop dat dit ook in skildery vervat kan wees soos die beeld van W. Hogarth<sup>6)</sup> dit duidelik aandui.

Peter John<sup>7)</sup> noem ook die volgende kenmerke van satire: Satire verkies om liever in die konkrete eenaardigheid van die ware lewe te werk. Satire is persoonlik — hoewel nie in die eintlike sin van die woord nie. Beljame<sup>8)</sup> kritiseer die satirici deur dat hulle nie hoër as persoonlike aanvalle mik nie, en Middleton Murry<sup>9)</sup> verwag meer as persoonlike haatdraendheid van die satirikus.

1.10 Die satirikus is subjektief ingestel, en sy werk dra 'n karakteristieke tint van sy persoonlikheid.

Professor Highet<sup>10)</sup> beweer van die klassieke satire „It is generally characterized by the frequent intrusion of its author's personality” — 'n feit wat goed stryk met dié van Murry hierbo.

1.11 Satire is gewoonlik spesifiek, en soms is hy so spesifiek dat hy verkies om te doen te hê met 'n spesifieke individu.

5/.....

- 
5. Tyrell: Selections from Swift (Ginn & Co., London), p. xxiv.
  6. W. Hogarth was 'n bekende Engelse kunstenaar, beeldhouer en satirikus.
  7. Peter John: Complaint and Satire in Early English Literature (Oxford, 1956), pp. 1 - 13.
  8. Alexandre Beljame: Men of Letters and the English Public in the Eighteenth Century (London, 1948) p.11 soos aangehaal in P. John, op.cit. p. 9
  9. Middleton Murry, aangehaal in P. John, op.cit. p. 9.
  10. Professor Highet, aangehaal in P. John, op. cit. p. 9.

## HOOFSTUK 2

### SOSIALE SATIRE

2.00 Sosiale satires vind ons in albei digbundels van Ntsane. In hierdie hekeldigte kritiseer Ntsane allerlei onwaardige handeling en maniere van die Basotho. In die gedig Raleqheka<sup>11)</sup> hekel die digter 'n lafaard oor hierdie swakheid. Dit is gedurende 'n geveg tussen die Matshekgas en Molapo se mense. Raleqheka is bang om met ander groepe te gaan veg. Hy kry gou 'n skitterende plan, nl. om vrou te speel. Hy leen vroueklere en gaan tussen die vrouens staan. Maar daar is 'n aantal dingetjies wat nie **rym** nie soos bv. sy haam, 'n baard en die kuitspiere. Dit duur nie lank voordat hy uitgevind word nie, want

„Rameng la mosadi o bonang?

Mosadi o metse ditedu e se monna

Basadi ba kwano le jwang?

Basadi ba Tsikwane le mela ditedu.

Raleqheka ke mosadi hantle,

O mpa a lebetse ho kuta ditedu,"<sup>12)</sup>

In die laaste twee verse kry ons 'n baie sterk ironie. Die man is nou in die nood, en daarom kies hy die hasepad en wanneer hy by die garingbome kom, trek hy die rokke uit en nou is hy 'n ware Adam. Hy ontkom die gevaar op hierdie wyse want

„Matshekgeng ntweng mahlanya ha a bolaw<sup>2</sup>

Lena la Nare le ka bolaya jwang?

Raleqheka o tenne mose a phoqa Matshekg

Jwale ke lehlanya o phemile lerumo"<sup>13)</sup>

6/.....

- 
11. K.E. Ntsane: Mmusapelo II, p. 11.  
12. K.E. Ntsane: op. cit. p. 14.  
13. Ibid., p. 15.



2.01 Ntsane het ook 'n voorliefde vir liefdesake. In O llelang?<sup>14)</sup> bespot hy op tergende wyse die dogter wat huil op die dag van haar troue. Hy kan dit nie klein kry dat hierdie dogter moet huil en hartseer voel want sy is , deur niemand gedwing om te trou nie soos dit in die ou dae die praktyk was. Daarom vra hy:

„O llelang athe o ratile,  
O ratile ho ya koo o yang?  
Le tjabile la ho rata ha hao;  
O ka lla jwang o sa tlangwa,  
O sa tlangwa monwana tjee ka kgale,  
Tjee ka mehleng ya bontatemoholo?"<sup>15)</sup>

2.02 Spottend gaan hy verder deur te beweer dat die gehuil niks anders is nie as 'n teken van blydschap omdat sy op die ou end ook kon trou — sy het byna nie meer hoop gehad dat sy ooit sou trou nie. Ons hoor:

"Ngwanana o getuwe ke thabo o ya habea  
Fetwa le fumane monna le thabile."<sup>16)</sup>

en dan volg die bytende spot waar hy sê:

„Le ntse le hlaba moolo le re hlodiya".<sup>17)</sup>  
„Hihi-hihitsa o llise bosawana;  
Ha o lle madi o lla metsi,  
O lliswa ke lona lerato hantle".<sup>18)</sup>

2.03 Ngwana lona<sup>19)</sup> is 'n ander gedig wat oor liefde handel, maar die tema is hier anders as dié in die voorgaande. Die digter bespot die skoondogter oor haar

7/.....

- 
14. Ibid., p. 15.  
15. Ibid., p. 15.  
16. Ibid. p. 15.  
17. Ibid. p. 16.  
18. Ibid. p. 19.  
19. Ibid. p. 19.

luiheid. Die toon wat ons in O llelang gehoor het, tree hier ook sterk na vore, bv.

„Ngwana lona o ntsa<sup>h</sup>ihitsa bosawana  
Mau-mau se hihitsa bohata,  
Se thabile se thotse mosadi”<sup>19)</sup>

2.04 Ntsane betreur die feit dat „lobola” vir haar betaal is. Sy is 'n oorlas vir haar man en skoonfamilie. Hulle kla:

„Re latile mmabotswa, mmabohale,  
Le hoja ra tseba ra kweneha,  
Hoba ona moleko o padile,  
O paletse matsale, o paletse monna  
Re ka reng ntho re sa e tseba,  
Re ka reng ka ngwana ditjhabeng?”<sup>20)</sup>

2.05 Om alles te bekroon, drink sy. Sy drink allerhande soorte slegte alkoholiese drank en daarby vloek sy soos 'n matroos. Geen mens kan haar langer verdra nie, en daarom hoor ons:

„Latang ngwana lona re tenehile,  
Re tennwe ke mafura a fariki,  
Hoba ena ya lona e nonne ho tlola,  
Le melaleng e ntse e dutla ditshotso,  
Melomong ke dibelo sa dihlapa —  
O ya tjha o ya tuka, ngwana ditjhaba!”<sup>21)</sup>

2.06 Ntsane voer hierdie saak van die liefde verder en vertel ons van rato la dipompong (valse liefde). Hy beweer dat die meisies dikwels hiervoor verantwoordelik is. Hulle is meer geïnteresseerd in die kêrels se geld of ander geskenkies. Wanneer die kêrel nie meer in staat is om die liefdesverhouding op hierdie wyse aan die gang te hou nie, roep hy uit:

8/.....

---

19. Ibid., p. 19

20. Ibid., p. 19

21. Ibid., p. 20.



„Rato la haothope hase ho phoqa,  
Rato la hao le turu haholo;  
Ka ya le kgongwana hodimo ka thetseha,  
Ka thetseha ke palesa none e feta,  
Thope e re rato le fedile e ya tsamaya  
Thope e mphile diseke ke maketse  
Ke makaditswe ke rato la dipompong bohata  
Rato la nkemele-kamoo-ke-ya-tla."<sup>22)</sup>

2.07 'n Soortgelyke liefdesgedig is Matshediso.<sup>23)</sup> Hier praat Ntsane met die jongdogters. Matshediso is 'n mooi mosothodogter. Nadat sy van haar skoonheid bewus geword het, raak sy verlief op 'n groot aantal kêrels. Elkeen verkeer onder die waan dat hy alleen koning kraai by hierdie dametjie. Mettertyd ontdek die een na die ander dat sy hulle 'n streep getrek het want sy meen:

„Matshediso, ha ho ya o fetang ka botle  
Hona moo, fuba sa hae sa mo dumella  
A kgolwa ruri hore ke mollo le sebabole  
O tshwana le mofumahadi wa **S**heba hantle"

2.08 Maar wat sou ons later van hierdie blondine hoor?

„Yare mohla ho reng etlo,  
A lemoha bomadimabe ba hae,  
Mme a swabela bowatla ba hae;  
A qala ho fereha, bakeng sa ho ferehuwa!  
Mekgatlong le meketeng ya ditantshi,  
Hohle moo bahlankana ba leng teng,  
Matshediso a iponahatsa ho bona  
Empa molao wa ema o tiile,  
O re: "Monna e tla ba hloho ya mosadi,  
Ke yena ya tla phunya ditaba".

9/.....

---

22. Ibid., p. 37.

23. K.E. Ntsane: Mmusapelo, p. 18

Tshiu tsa feta a sa tshwase,  
Lemo tsa feta ho se ya mmuisang;  
Tsa feta jwalo tjhelete e senyehile  
Ka ho itereka le ho fepa bahlankana;  
Ba je dikgoho, ba phoke ditee,  
Ho bua, teng ba hana ho bua.  
Kajeno o fetohile lefetwa,  
Bottle ba hae bo fetohile sesomo!"<sup>24)</sup>

2.09 Nadat Matshediso hierdie dure les geleer het,  
vermaan sy die jonger dogters en sê:

„Barwetsana, tshabang thetso,  
Tshabang ho thetsa bahlankana,  
Hoba dillo tsa bona di finyella marung,  
Tlokotsi tse tlišwang ke meokgo ya bona  
Ke tse pshatlang pelo ya morwetsana.  
Bolokang lerato la lona difubeng;  
Ha le sitwa ho etsa jwalo,  
Le abeleng a le mong, e be la hae;  
Teng le tla fumana kgotso,  
Hoba lentswe le eme le tiile,  
Le re: Ha ho ya ka sebeletsang  
Marena a mabedi a le mong."<sup>25)</sup>

Die laaste twee reëls toon 'n sterk godsdienstige element  
wat ons telkens in Ntsane se gedigte teëkom.

2.10 Luiheid is een van die grootste sosiale euwels.  
Ntsane beskryf 'n lui vrou en haar maniertjies op 'n baie  
goeie en raak wyse in sy gedig Sekgoba.<sup>26)</sup> Sy is 'n  
oorlas vir haar kinders en die mense van haar gemeenskap.

10/.....

---

24. K.E. Ntsane: Op. cit., p. 21

25. Ibid., p. 22.

26. Ibid, p. 8.



Die ander mense bewerk hulle lande, maar sy

„....ha se leme, se ora letsatsi,

Se ahlamela batho ba fetang:

Balemi, dihwai, le ba ilo rwalla patsi."

2.11 Niemand hou van so 'n luiaard nie, want behalwe haar luiheid, is sy ook oneerlik en slordig. Ons hoor

„Ha o tshoha o bua le sona,

Se ka o nyekisa dibete;

Hoba le nnete ha se na yona,

Botswa ba sona bo hlotse nnete.

Se nena mosebetsi, se itjheba dina

Le tsona ha se le ka ho nyonyeha!

Hoba se inamela dipitsa ho di fala,

Matsoho a matsho, ha se ho tshabeha!<sup>27)</sup>

In die laaste strofe kry ons bytende spot waardeur die digter toon hoedat hy 'n luiaard soos in Sekgoba, met sy satire stem.

2.12 Ntsane beskik oor 'n wye kennis van sy volk en hulle lewensgewoontes. Hier dink ons aan Ha re ya lejweleputswa<sup>28)</sup> waarin hy op 'n kernagtige en sarkastiese wyse die mynwerkers wat op reis is na Johannesburg beskryf. Ons ontmoet hulle eers daar by die werwingskantoor in Basoetoland waar hulle hul kontrakte moet teken. Wel, soos gewoonlik kan baie nie skryf nie — al voel hulle so gelukkig en trots oor die feit dat hulle Johannesburg toe gaan, en daarom beter mense sal wees as diegene wat by die huis agterbly, maak die stigma wat ongeletterdheid aan- kleef hulle diep ongelukkig. Hierdie saak druk Ntsane op 'n baie oulike, dog sarkastiese manier uit waar hy sê:

11/.....

---

27. Ibid., p. 9.

28. Ibid., p. 57.

„Ka ba ka ngola tshuu (q) ke sa e tsebe,  
Dikonteraka tsa makgowa ha se ho phoqa,  
Die phoqile Ntjheme a itshepile,  
A ba hakwa ke bitso e le la hae".<sup>29)</sup>

Hierdie swakheid in sy wapenrusting is so opsigtelik, en stel mens in so 'n verleënthheid dat hy dikwels sy eie naam moet vergeet!

2.13 Die digter gaan verder met sy satire en vertel ons van die snaakse en skurwe praatjies wat 'n mens telkens by hierdie groep mense hoor — veral as hulle iemand van die skone geslag sien of ontmoet. Ntsane vertel ons nie die juiste woorde wat die „dikwata" gebruik nie, hy suggereer hulle maar net deur te sê:

„Mme Mmakgomo, balehisa moradi tseleng  
Esere bontjheme ba bua wa utlwa bohloko  
Majakane (christene) suthang bontjheme ba fete  
Esere moruti a utlwa le bina tsa meraka  
Le re: 'Sake tloo o bone sekate,  
Ntho di etswa ka bohlale, mphato.  
Ka mantaha o a nyalwa Sellwane,  
O nyalwa ke mpara ke ena ya matjekelane"<sup>30)</sup>

Die gewerfdes se onweloweglike taal word erger wanneer hulle die Kaledonrivier oorsteek want hulle meen

„Re tshetse Mohokare re siile bohlale morao  
Re siile naka la Moshweshwe morao,  
Naka la botho le la kgotso ditjhabeng"<sup>31)</sup>

Moshweshwe was 'n vredeliewende kaptein gewees. Hy het altyd die „Lenaka" van vrede en menslikheid by sy mense aanbeveel, veral onder vreemde volke. Nou laat die mynwerkers hierdie wapenrusting agter op hul reis na die myne toe, en daarom is hulle so ru in hulle taal en maniere.

12/.....

---

29. Ibid., p. 58.  
30. Ibid., p. 58.  
31. Ibid., p. 59.



2.14 In Dumedisa Base<sup>32)</sup> kry ons 'n duidelike beeld van die verhouding wat soms bestaan tussen die werkgewer — 'n blanke (die boer) en sy werknemer (die Bantoe). In die eerste twee strofes raai Ntsane die Bantoe aan om sy lot dat hy 'n „swart vel" het as 'n feit te aanvaar want

„Botsho ba hao ha se boomo o entswe,  
O entswe ka morero e se lonya."<sup>33)</sup>

En, asof hy aan die Rykman en Lazarus dink, raai hy die Bantoe aan om vir „Base" te groet sodat hy die krummels van die tafel af kan kry. Die man wat kan groet, wen die „Base" en „Mmisisi" se harte en die gevolg is dat hulle altyd bereid sal wees om hom ou klere of iets dergeliks te gee.

2.15 Die hele gedig is baie didakties van strekking. Die satiriese atmosfeer is soms so sterk dat die gedig as 'n kunsoort ontaard. Die aanvalle op die „Base" is in sekere opsigte so direk en hewig dat 'n mens die indruk kry dat die digter maar net aan sy kwade gevoelens jeëns die boer uiting wil gee. Dit kom veral duidelik uit in die volgende strofe:

„Rola katiba, o dumedise Base,  
O siye dieta keiting,  
O hahabe ka mpa se-ka-noha,  
O pate mohwasa, Base a kgahlwe,  
Mmisisi a tshehe, a utlwe monate,  
Le bottlelempase ba tlo bona."<sup>34)</sup>

13/.....

---

32. Ibid., p. 69.

33. Ibid., p. 69.

34. Ibid., p. 70.

2.15 Maar hoewel sy aanvalle op die witman so heuwig is, is hy in 'n mate ewewigtig in sy benadering van die probleem van rassehaat wat daar te bespeur is. Sommige nie-blankes hou daarvan om sleg te praat van hulle medemense by die blankes sodat hulle hulle guns verower. Hierdie soort mense vermaan Ntsane baie sterk dat hulle hierdie wanpraktyk moet staak. Hy sê:

„Dumedisa Base, o lese ho loma,  
O lese ho ja beno dikobo;  
Tjhwapedi hae loke, e a fapanya,  
E fapantse morena le motho wa hae,  
Morena a na thela ka mofo bothateng,  
A rekisa ka mofo, Base a thaba.”<sup>35)</sup>

2.16 Ntsane tref ons ook as 'n volksman. In sy werke kry ons telkens die strewe na die bewaring van die tradisionele waardes — sommige waarvan reeds deur die slegte in die sekularisasieproses vervang is. Hy is ook lief vir sy taal en daarom bespot hy die swart Engelsman in sy gedig Bokgowana-tshwana. Van sy voorkoms sê hy

„Ka sefubeng o mosweu, lebala o motsho,  
Botsho ba wona bo hana sesepa,  
Sweu ba wona ha se ba ho tswalwa,  
Ke ba maiketsetso thetsa-mawatla,  
Thetsa rona bompara dikwata.”<sup>36)</sup>

En van sy taal en handelswyse hoor ons

„Puo e se le Afrika se tshwephohileng,  
Se lapilweng se-ka-mmethe-wa-kgale.  
Mekgwa le yona ha se ho makatsa,  
Ho thwe ho etswa sona sewatleng,  
Athe ke modubadube wa hlakantsutsu  
Se-ka-Sekgowa se-ka-se-Afrika.”<sup>37)</sup>

14/.....

---

35. Ibid., p. 70.

36 & 37. Ibid., pp. 73 - 74.



2.17 Ntsane spot ook met een van die grootste ewels waarmee die mens vandag te kampe het, nl. drankmisbruik. In die heel eerste strofe van sy gedig Hwenene<sup>38)</sup> val hy dadelik weg met growwe spot wanneer hy die man wat aan drank verslaaf is beskryf, bv.

„Mosadi, tshela hiki o tlatse sekala,  
O tshele le ba maobane o etse motswako,  
Nna ha ke ngwana ha ke tshware mahleu,  
Mmetsong ho nna ho entse diforo,  
Foro tsa bodila mangopengope,  
E ka re tsa terekere dithoteng.

Mosadi, tshela le tlale se nna o tsilatsila,  
Se nna o mpotsa makatikati,  
Le ba soka ke mpa ke o kgathatsa,  
O tlo bone hoba ha ke motho ke lehlanya  
Ke nthwa ho faswa ka marapo, mehala,  
Nthwa ditjhabeng e se na mohau e feta,  
E fetela pele toromolong tsa kgera, hwenene"<sup>39)</sup>

2.18 Die digter gaan op hierdie trant voort en beskryf 'n dronkaard se gewaarwordinge en handelinge soos vome-ring en daarna die maag weer vol te maak met die „hwe-nene", groot praterij en onoordeelkundige spandering van geld, en uiteindelik bevind hy dat

„Hwenene e phuntse pakotho masobasoba.  
Peterole ya hiki jwale e maname methapong,  
E se robile ditho e entse moswahla."<sup>40)</sup>

15/.....

---

38. Ibid., p. 65.  
39. Ibid., p. 66.  
40. Ibid., p. 69.

HOOFSTUK 3

SATIRE T.O.V. GODSDIENSTIGE SAKE

3.00 Ntsane tref ons ook as 'n christen. Sy hekel-  
digte oor godsdiens dek 'n wye veld. Hy praat byvoor-  
beeld van die gebeure in die tuin van Eden, en bespot  
Adam en Eva nadat hulle in die sonde geval het. Voordat  
Adam gesondig het, was hy koning van al die diere, selfs  
die kwaaieste en gevaarlikste soos bv. die leeu was magte-  
loos onder sy heerskappy. Ons hoor:

„Botau hlanya bona bo le siyo,

E le konyana tsa maobane hantle.

He ba re le ho palangwa e ne palangwa

Le ho feptjwa e feptjwa ka seatla!"<sup>41)</sup>

Maar nà Adam se val het al die roofdiere in opstand teen  
hom gekom. Ironies sê die digter van die duiwel:

„O tseba hantle maele a reng:

,Ntwa ke ya madulammoho!

Le, motse ho aha wa morapedi'.

Hoba o ho tseba ka nnete ho rapela."<sup>42)</sup>

3.01 Hierdie ironie speel ook 'n vername rol in die  
gedig Majakane.<sup>43)</sup> Hier bespot Ntsane die christene.  
Wanneer hy van die slegte dade praat, verwys hy na die  
heidene. Maar in werklikheid is dit alles teen die  
Christene gemik. Van die leuentaai sê hy:

„Majakane shano ha a le tsebe,

Shano ke la bahedene bohobe,

Hobe ba bahedene boholo ke mano,

Mano majakane ke sebe seholo."<sup>44)</sup>

16/.....

---

41. K.E. Ntsane: Mmusapelo, p. 46.

42. K.E. Ntsane: Op. cit., p. 48.

43. K.E. Ntsane: Mmusapelo II, p. 81

44. Ibid., p. 81.



3.02 Hy voer hierdie ironie verder. Die christene sing mooi in die kerk, „O ka re Hodimo a le bona haufi.” maar

„Utlwang ka kerekeng moruti ho kgaruma,  
Fatere o ya omana o ya tshufula,  
O kgaruma keng batho ba lokile?  
Majakane tsela di hloka letheba.”<sup>45)</sup>

Hierdie vraag beantwoord hy — nog steeds ironies — soos volg:

„Komang ke tsa bakgelohi,  
Lona le hlokang mabitso dibukeng,  
Lona le sa ngolwang bukeng tsa moneri”<sup>46)</sup>

3.03 Die hele gedig is op hierdie ironiese wyse geskryf. Die digter wys op al die verkeerde dinge wat die christene doen en meld elke keer dat dit die heidene is wat op sodanige wyses handel. Die gedig is sterk didakties in strekking.

3.04 'n Ander gedig waarin dieselfde toon gehoor word is Enwa Motho.<sup>47)</sup> Die digter vermaan die mens oor sy sondige natuur wat hom telkens tot die kwade neig.

3.05 Keiting ya dihele <sup>48)</sup> is 'n satire waarin veral die rykes aangeval word. Die rykes ly geen gebrek aan die materiële dinge nie, en daarom het hulle geen rede om te kla of na die verderf toe te gaan nie. Maar aan die ander kant is dit nie verbasend vir die armes om hulself in die hel te bevind nie, want hulle harte is vol jaloesie en hulle begeer die rykman se posisie en rykdom. Dit is as gevolg van hulle afguns dat hulle na die verderf gaan. Dan stel hy die vraag:

17/.....

---

45. Ibid., p. 81.

46. Ibid., p. 82.

47. Ibid., p. 57.

48. Ibid., p. 61.

„Barui molato keng kabelo di tswile,  
Le batlang mona le sa kolote,  
Le sa ja selallo le sa se patala?  
Molato keng keiting ya dihele kajeno,  
Ana le sentseng le se bahloki,  
Le sa je tsuo mekotla e tletse?"<sup>49)</sup>

3.06 Monnenwa ke mang is 'n humoristiese beskrywing van 'n mens met baie snaakse voorkoms. Aan die end sê Ntsane van hierdie snaakse man „Monnenwa ke nthwa Modimo gauda."<sup>50)</sup>

3.07 Ntsane beskik oor 'n goeie verbeeldingskrag. Hy neem die gewone dinge uit die lewe en dig daaroor.

3.08 Ngwana lehlaswa is na analogie van die bekende gelykenis van die verlore seun geskryf. Die digter bied sy stof aan op 'n baie skertsende manier en die verhaal word op 'n dramatiese wyse aan die leser geskets. Nêrens in die Bybel tref ons soortgelyke gevalle soos die volgende aan nie:

„Ha tla monna a tshwere lengolo  
A nkile ngolo la melato mokoloko;  
Kgabong ya dikoloto ngwana a utlwa monate.  
Tsoho pakothong la feresaka  
Pampiri tsa tswa di entse sehlopha,  
Ho le mashome ho bile ho le makgolo"<sup>51)</sup>

3.09 'n Mens kan dink dat Ntsane die gelykenis hiermee geweld aandoen deurdat dit oordryf word, maar myns insiens is dit nie die geval nie. Ons word vertel dat die verlore seun baie vriende en vriendinne gehad het met wie hy sy geld of skatte verkwis het. Die aangehaalde voorbeeld is een van die wyses waarop hy sy geld verkwis het,

18/.....

---

49. Ibid., p. 64.  
50. Ibid., p. 55.  
51. Ibid., p. 47.



nl. deur dit op 'n onoordeelkundige manier uit te leen.

3.10 Nadat hy al sy geld spandeer het, beland hy in die tronk. Later word hy uit die tronk ontslaan en sy voorkoms word nou as volg beskrywe:

„Tlhabela e ka re tsa terekere, mangope,

Hempe sebopeho ha e tsejwe,

Borikgwe dilapa ke malwang-lwahla,

Bono di setse kantle ngwana morui!"<sup>52)</sup>

19/.....

---

52. Ibid., p. 48.

HOOFSTUK 4

SATIRE T.O.V. DIE MENS SE FISIESE VOORKOMS EN ANDER EIENSKAPPE.

4.00 Ntsane hou baie daarvan om oor menslike gebreke of snaakse voorkoms te dig, en hy kry dit reg om mense en dinge treffend te beskrywe. In Monnenwa ke mang<sup>53)</sup> beskryf hy 'n man met baie snaakse fisiese voorkoms. In werklikheid is dit nie soseer 'n beskrywing van die man nie, as wat dit 'n bespotting is. Sy gesig word soos volg beskrywe:

„Nko tsa monnenwa bana ba ka baleha,  
Ba seya ka kwata le melomo ba so e bone  
Ya eba lengwe-e-ngwe-e, koko ke ena!  
Thena mahlo ha a lekane ho sheba,  
Ka hona e famola dinko di thusetse,  
Melomo e tlatsetse, tshelela bo etse pono.

Tsebe le reng ka tsona ke so di bolele?  
A ka sheba ka tsona wa rata ho tjhetjha  
Wa bona eka di re, "ema, re bue",  
"Kgale ke o batla ke sa o bone"  
Monga tsona thena e utlwa monate,  
E utlwa ka tsona e ya di rata."<sup>54)</sup>

4.01 Die digter gaan voort op dieselfde trant, en beskryf sy kop, sy liggaam en sy ledemate. Sy kop is uiters groot en snaaks, en sy hare en baard lank en slordig, maar sy middel tot by sy bene is vreeslik skraal. Sy voete en tone is weer uiters groot en lank, met die gevolg dat:

/20.....

---

53. Ibid., p. 50.

54. Ibid., p. 51.



„Tlase ke noka, hodimo ke thaba,  
O imetswe ka hohle o jere morwalo."55)

4.02 Die satire is baie humoristies in die volgende strofes:

„Ba tswile ditlhabela, ke mangope,  
Empa ba tsheha,  
Tsa ka di a ba qabola  
Ba nwa jwala sehloho,  
Empa ha ke inwella tingtala,  
Ba re ke lehlana, ke a hlena  
Teng ho thusang?"56)

4.03 Die man met die groot kop, word soos volg beskrywe:

„Pele ka re o lekisa basadi o etsa mehlolo,  
O lekisa basadi ba tswa sedibeng,  
Athe monna wa batho hase morwalo ke hlooho  
Thaba bottle e rateha ke jwang,  
Ho ya hao hase jwang ke mofero,  
Le marameng mabodi a ka ipata."57)

4.04 In Wena o jwang val die digter die mense wat gedurig met alles fout vind aan. Woordspeling, veral, word baie goed in hierdie satire aangewend. Die gedig is veel ritmieser as die meeste van sy ander gedigte. bv.

„Ha o ntso re ke sephogo ke ya phogosele,  
Ha o ntso re ke obu-obu ke ya obusela,  
O ntso re ke tlatse-tsatse ke ya tlatseheha  
Wena o jwang?"58)

21/.....

---

55. Ibid., p. 53.

56. K.E. Ntsane: op. cit. (41), p. 52.

57. K.E. Ntsane: op. cit. (43), p. 52.

58. Ibid., (43), p. 80.

4.05 In Mmangwane word 'n rusie tussen twee susters beskrywe. Die aanleiding tot die rusie word veroorsaak deurdat die een se kind, wat by haar ouer suster ingewoon het, nie goed behandel is nie. Klaarblyklik was hierdie kind die digter self, aangesien die strekking van die gedig baie persoonlik van aard is. Ntsane spot met die Mmangwane en Rangwane soos volg:

„Enwa Rangwane ke sephoqo,  
Enwa Rangwane hase le ka bohlena,  
O hlena a siya tsheya tshimong,  
Hlakeng la lebele e leketle.

Mmangwane pakeng tsa masimo ke elwa,  
Mmangwane o batlang masimong?  
Mmangwane e se ka mokotatsie,  
Ke Rangwane o ba sa lahlile tsheya"<sup>59)</sup>

4.06 Hieruit kan ons aflei dat die Rangwane hom taamlik dikwels dronk drink en wanneer hy dronk is, vergeet om sy stertriem aan te trek. Uit skaamte moet die Mmangwane dan vir hom sy stertriem help soek.

22/.....

---

59. Ibid., (43), p. 56.



HOOFSTUK 5

SLOT

5.00 In die Sotholetterkunde is die didaktiek een van die vernaamste kenmerke. Dit word beskou as 'n essensiële byvoegsel tot die wet en godsdienst. In Ntsane se gedigte word dit dikwels gebruik. Miskien hou hierdie didaktiesatiriese neiging verband met die invloed van die sending op hom.

5.01 In sommige gedigte val Ntsane sy karakters met 'n te growwe spot aan en is hy soms geneig om te persoonlik te raak sodat hy in gevaar loop om die letterkunde te verwar met sy eie persoonlike vetes. Ons dink in hierdie verband aan sy Dumedisa base.

5.02 Maar in ander gedigte skyn hy belang te stel in die welvaart van sy gemeenskap en in die etiese van alle handelinge.

5.03 Tyrrell<sup>60</sup>) sê: „whenever folly manifests itself, no matter in what sphere of human activity, satire arises to chasten and correct. Satire strips from human action the mask of shame and hypocrisy, and purges humanity of its corrupting humours.” Dit kom duidelik uit in Bokgwanatshwana en Majakane.

5.04 'n Mens kry soms die indruk dat Ntsane soms teleurstellings in die lewe gehad het. Dit kom voor asof hy soms verbitterd voel teenoor sekere mense. Hierdie gees van teleurstelling en ontevredenheid word mooi uitgebeeld in die gedigte Ho thusang? Wena o jwang? en Bokgowana-tshwana.

23/.....

-----

60. Tyrrell, G.A.: Selections from Swift. Ginn and Co., London, p. xxiv.

5.05 Die digter is ook goed bekend met die maniere van die drinkebroers, die mynwerkers en die wyse waarop die deursnee mosotho vry. Hier en daar neig hy om té plat taal te gebruik, maar oor die algemeen is dit nie steurend nie.

\* \* \* \* \*



BIBLIOGRAFIE

- Bradham, A.: English Lucilian Satire: The Augustan Decorum. Vanderbilt University, 1964
- Gatner, E.S.M. & Cordasco, F.: Research and Report Writing. Barnes and Noble, New York, 1961
- Holden, W.P.: Anti-Puritan Satire, 1572 - 1642, New Haven: Yale U.P., 1954.
- Hubbell, G.S.: Writing term papers and reports. Barnes and Noble, New York, 1962.
- Mohapeloa, M.D.: Letlole la lithoko tsa Sesotho. APB., 1950.
- Ntsane, K.E.: Mmusa-pelo. A.P.B.
- Ntsane, K.E.: Mmusa-pelo II. A.P.B.
- Peter, John: Complaint and Satire in early English Literature. Oxford, 1956.
- Sutherland, J.: English Satire. Cambridge U.P., 1958
- Swift, J.: Satires and Personal Writings. Oxford U.P., 1949.
- Tyrrell, G.A.: Selections from Swift. Ginn and Co., London.

\* \* \* \* \*